Vonnisbespreking: Belastering van openbare figuur *Manuel v Economic Freedom Fighters, Ndlozi en Malema* (13349/2019) [2019] ZAGPJHC 157 (30 May 2019)

Johann Neethling

Johann Neethling, Departement Privaatreg, Universiteit van die Vrystaat

Abstract

Defamation of public figure

In this case the respondents published a tweet on Twitter accusing the applicant of inter alia corruption and nepotism. The court, applying established principles of our law of defamation, found that the publication was false, defamatory and wrongful. Although the law requires of public figures to be robust and thick-skinned in relation to negative comments made against them, their personality right to a good name or reputation is still protected against defamatory statements accusing them of dishonourable conduct such as corruption and nepotism. The respondents raised the defences of truth and public interest, reasonable publication of untruth, fair comment and public interest, but the court dismissed them all, mainly because of the falseness of the publication and for the fact that their conduct was not reasonable. The court also stated that on its own, public interest is not a defence to a defamation claim. The court's use of *protected* comment in the place of *fair* comment is worthy of emulation as many comments, although legally acceptable, are not fair. The court ordered the respondents to remove the defamatory statement, within 24 hours, from all their media platforms; to publish within 24 hours a notice on all their media platforms on which the statement had been published in which they unconditionally retract and apologise for the allegations made about the applicant in the statement; and interdicted the respondents from publishing any statement that says or implies that the applicant is engaged in corruption and nepotism. The respondents were also ordered jointly and severally to pay damages of R500 000 as *solatium* to the applicant.

Keywords: apology; defamation; defamatory; fair comment; falseness; grounds of justification; interdict; onus of proof; presumptions; public figure; public interest;

reasonableness of publication; reasonable person; *solatium*; truth and public interest; wrongfulness

Trefwoorde: apologie; bewyslas; billike kommentaar; interdik; laster; lasterlikheid; onregmatigheid; openbare figuur; openbare belang; redelike persoon; redelikheid van publikasie; regverdigingsgronde; *solatium*; valsheid; vermoedens; waarheid en openbare belang

1. Inleiding

Openbare figure kan beskryf word as persone wat so in die openbaar bekend geraak het vanweë hul status, amp, beroep, prestasies, doen, late en misdade dat hulle openbare belangstelling gaande maak sonder dat hulle noodwendig aan 'n nuuswaardige gebeurtenis gekoppel is – hierdie persone is dus op sigself nuuswaardig (sien Neethling e.a. 2019:341 vn. 252; Neethling 2014b:113–4; vgl. *Tshabalala-Msimang v Makhanya* 2008 6 SA 102 (W) 118). Openbare figure sluit staatsmanne, politici, sporthelde, besigheidsmagnate, kunstenaars, akteurs en berugte misdadigers in. Die kwessie van die beskerming van openbare figure teen laster het al dikwels die aandag van die howe geniet (sien bv. *Cele v Avusa Media Ltd* [2013] 2 All SA 412 (GSJ); *Malema v Rampede* 2011 5 SA 631 (GSJ) 636–8; *Greeff v Protection 4U h/a Protect International* 2012 6 SA 393 (GNP) 409, 411, 416–9; sien ook Burchell 1998:27–8, 275 vn. 21, 310–4; Neethling 2014b:112–5; Neethling 2014a:35–6; Neethling 2014c:118–21).

As uitgangspunt moet beklemtoon word dat openbare figure, soos enige ander persoon, oor al die persoonlikheidsregte beskik wat in die grondwetlike Handves van Regte verskans word (sien *Heroldt v Wills* 2013 2 SA 530 (GSJ) 547), met inbegrip van die reg op die goeie naam of *fama* wat onder die reg op waardigheid (art. 10 van die Grondwet) erkenning en beskerming geniet (sien bv. *Khumalo v Holomisa* 2002 5 SA 401 (KH) 418–9; *Mthembi-Mahanyele v Mail & Guardian Ltd* 2004 6 SA 329 (HHA) par. 6; Neethling e.a. 2019:197; Neethling en Potgieter 2015:21 vn. 148). Daar word nietemin 'n belangrike beperking geplaas op die beskerming van openbare figure (veral politici) en openbare amptenare teen laster, naamlik dat die reg van diesulkes verwag om robuust en dikvellig te wees met betrekking tot negatiewe opmerkings wat oor hulle gemaak word (sien bv. *Cele* par. 23 e.v.; *Malema* 634–5; *Argus Printing and Publishing Co Ltd v Inkatha Freedom Party* 1992 3 SA 579 (A) 588; *Delange v Costa* 1989 2 SA 857 (A) 861–2; sien ook Neethling 2014a:113–5; Burchell 1998:229; Neethling e.a. 2019:211; Neethling en Potgieter 2015:365). Dit geld des te meer waar 'n openbare figuur openbare aandag en omstredenheid najaag. In hierdie verband kan kortliks na die beslissings in *Cele* (sien Neethling 2014c:118–22; Loubser en Midgley 2017:430–1) en *Malema* (sien Neethling 2014b:112–5) verwys word.

In *Cele* het die eiser, 'n voormalige kommissaris van polisie, die verweerder aangespreek weens laster in twee artikels en 'n digitaal-veranderde foto van hom wat in die *Sowetan* verskyn het. Die artikels het gehandel oor die eiser se propagering van die aanwending van dodelike geweld in die bekamping van misdaad en die foto was wesenlik 'n karikatuur wat die eiser as 'n misdaadbestrydingsagent ("sheriff from the Wild West") uitgebeeld het. Volgens die hof (par. 23) kan 'n openbare figuur nie op regsbeskerming aanspraak maak in 'n geval waar hy

> courted public attention and controversy as consistently as the plaintiff did on an important public interest issue such as violent crime, and what the police's appropriate response should be. The law requires of such public figures, politicians and public officers (by virtue of their chosen professions) to be robust and thick-skinned in relation to comments made against them.

In *Malema* weer het die applikant, 'n omstrede openbare figuur, aansoek gedoen om 'n interdik ten einde 'n koerant te verbied om 'n lasterlike artikel te publiseer waarin gepoog is om lig te werp op die beweerde teenstrydigheid in die applikant se lewenstyl wat na bewering daarop gedui het dat hy by korrupte finansiële misbruike betrokke was. Sy aansoek word van die hand gewys. Die hof (634-5) verklaar soos volg:

> The applicant has a right not to be defamed. I however must take into account also the right of the public to receive information. The applicant in the present matter is a high profile public figure. He has made controversial statements at times. At present there is a discussion in the press concerning whether or not his income justifies his expenses. The question of the income of the applicant is topical and is relevant to that issue. ... . The public is entitled in general terms to have full disclosures concerning persons who stand in a public position and who are high profile personalities, who invite comment about themselves.

(Sien vir soortgelyke uitsprake bv. *Delange* 861–2; *Inkatha Freedom Party* 588; *Crawford v Albu* 1917 AD 102, 105.) Interessant genoeg, terwyl Malema as applikant se aansoek om laster teen hom te stuit, misluk het, het hy, omgekeerd as applikant in die saak onder bespreking ook nie daarin geslaag om 'n suksesvolle eis weens laster teen hom af te weer nie.

Soos reeds uit die pas aangehaalde diktum blyk, beteken dit nie dat openbare figure, veral politici, geen persoonlikheidsbeskerming geniet nie. Burchell (1998:229) waarsku dat alhoewel openbare figure in 'n sin maklike prooi vir kritiek kan wees, dit nie op hierdie terrein heeltemal oop jagseisoen is nie. (Sien ook *Cele* par. 24; Neethling e.a. 2019:213–4.) Veral stellings wat 'n kwaadwillige motief of oneerbare optrede aan 'n politieke figuur toedig, sal nie gedoog word nie, tensy sodanige beskuldigings redelike afleidings gegrond op ware feite is (vgl. *Mthembi-Mahanyele* 357; Neethling e.a. 2019:241 vn. 141).

Dit bring ons by die saak onder bespreking. Die bespreking het ten doel om vas te stel of die hof die regsbeginsels wat met betrekking tot die belastering van 'n openbare figuur geld, korrek toegepas het, en waar wenslik, dit met bykomende besonderhede aan te vul.

2. *Manuel v Economic Freedom Fighters, Ndlozi en Malema*

2.1 Agtergrond en feite

Hier het die applikant, Trevor Manuel, 'n bekende en gerespekteerde openbare figuur as gewese kabinetsminister in verskeie hoedanighede en (ook as internasionaal-erkende) sakeman, aansoek gedoen om 'n interdik teen Julius Malema (leier van die EFF) en die ander twee respondente weens hul beweerde laster teen hom (Manuel) wat in 'n twiet op Twitter gepubliseer is (sien parr. 9–10). Die gewraakte publikasie lui soos volg (par. 32):

THE EFF REJECTS SARS COMMISSIONER INTERVIEW PROCESS

Wednesday, 27 March 2019

The Economic Freedom Fighters objects to the patently nepotistic, and corrupt process of selecting the South African Revenue Services' Commissioner.

In February 2019, the EFF sent a letter, and Parliamentary questions to the outgoing President Mr Cyril Ramaphosa and Mr Tito Mboweni, to specifically ask why they are conducting the SARS selection process in secret. It is confirmed that a panel chaired by the former minister, Trevor Manuel, conducted secret interviews to select the SARS Commissioner, and this goes against the spirit of transparency and openness.

It has now emerged that the reason is that, one of the candidates who was interviewed and favoured by the panel, is a dodgy character called Edward Kieswetter, who is not just a relative of Trevor Manuel, but a close business associate and companion.

Kieswetter used to be a Deputy SARS Commissioner, unlawfully appointed to that position by Trevor Manuel when Pravin Gordhan was SARS Commissioner. Kieswetter was in SARS during the time of the illegal intelligence unit established by Pravin Gordhan, to hound off political opponents and commit corruption.

After SARS, Kieswetter joined Alexander Forbes and was subsequently removed from the company due to alleged corruption and unethical conduct. After Alexander Forbes, Kieswetter became a vice chancellor of an institution whose academic credentials are questionable. This is now a candidate whom Trevor Manuel and Tito Mboweni want to impose into SARS.

The EFF is profusely opposed to the imposition of a secretly assessed candidate by conflicted individuals, and we will do everything in our power to stop, and reverse the appointment of Kieswetter as SARS Commissioner. We will immediately write a legal letter to Mr Ramaphosa and Mr Mboweni, to demand the disclosure of all processes that were followed in the process of selecting a SARS Commissioner.

Furthermore, the EFF will explore legal options to invalidate the unlawful appointment of SARS Commissioner.

The EFF is particularly concerned about SARS because our Elections Manifesto states that, part of our immediate plans when we take over Government will be the capacitation of SARS so that it can maximally collect revenue. The EFF particularly advocates for a SARS that will decisively fight against illicit financial flows, base erosion and profit shifting. A secretly chosen SARS Commissioner with a clear connection to the white capitalist establishment will not maximally collect taxes.

The EFF, therefore, demands that the process to select SARS Commissioner should be restarted, and be opened to public scrutiny. This should be so because a Commissioner of the ultimate Revenue Collector in South Africa should be beyond reproach and must stand public scrutiny. SARS has over the years been involved in a lot of illegal and

> unlawful activities, and tax payers deserve to know who will be responsible for the institution.
>
> We also caution Mr Ramaphosa and Mr Mboweni to not engage in activities that led to the downfall of Mr Jacob Zuma. If they become arrogant and ignore the EFF's logical demands, they must know that they too will fall very hard on their own sword.

Die applikant vra eerstens ’n verklarende bevel van die hof met die strekking dat hierdie publikasie lasterlik, vals en onregmatig is sodat sy goeie naam en reputasie in ere herstel word. Tweedens word versoek dat die hof die respondente moet beveel om die publikasie van al hul mediaplatforms te verwyder indien die hof bevind dat die publikasie onregmatig is. Derdens moet die respondente verbied word om in die toekoms dieselfde of soortgelyke lasterlike bewerings te publiseer. Vierdens moet die respondente gebied word om die bewerings in die publikasie onvoorwaardelik terug te trek en apologie daarvoor aan te teken. Laastens eis die applikant *solatium* weens die aantasting van sy reputasie (parr. 3–7).

Die respondente (par. 8) ontken dat die gewraakte publikasie lasterlik is, maar indien die hof tot die teendeel bevind, dan voer hulle aan dat hulle beskerm word teen aanspreeklikheid indien die publikasie substansieel waar, of redelik, of in die openbare belang is, of billike kommentaar daarstel.

2.2 Interdik

Regter Matojane (parr. 16–20) het geen twyfel daaroor dat die applikant se aansoek ’n saak van dringendheid is nie, onder andere omrede hy van korrupsie en nepotisme beskuldig word, wat beslis lasterlik is (sien *Le Roux v Dey (Freedom of Expression Institute and Restorative Justice Centre as amicus curiae)* 2011 3 SA 274 (KH) par. 91(c); sien ook Neethling e.a. 2019:213). Ook bevind hy (parr. 21–2) dat die applikant aan die vereistes vir die interdik voldoen (sien hieroor Neethling en Potgieter 2015:274–6): Hy het naamlik ’n “clear right” om sy regte op die eer en reputasie te beskerm wat deur die respondente aangetas word en vir hom lyding en voortdurende nadeel aan sy persoonlike en professionele goeie naam as gevolg van die wye verspreiding van die betwiste publikasie meebring. Voorts beskik hy nie oor ’n ander gewone remedie om die voortgesette laster te stuit nie, aangesien die respondente weier om apologie aan te teken of om die lasterlike stelling van hul sosiale-media-platforms te verwyder.

2.3 Toepaslike reg

Na ’n uiteensetting van die omstandighede waarin die betwiste publikasie plaasgevind het (parr. 23–31), asook die partye se interpretasie van wat die publikasie beteken (parr. 34–40), sit die hof die reg uiteen wat op die dispuut van toepassing is. Dit is gevestigde reg dat laster bestaan in die onregmatige en opsetlike publikasie van ’n lasterlike bewering aangaande ’n persoon (par. 45; sien ook *Khumalo* 413; *Waldis v Von Ulmenstein* 2017 4 SA 503 (WKK) 409; *Le Roux* 304; Neethling e.a. 2019:199). Dit is nie ’n element van laster dat die lasterlike bewering vals moet wees om sodoende die *onus* op die eiser te plaas om die valsheid te beweer en te bewys nie (sien bv. *National Media Ltd v Bogoshi* 1998 4 SA 1196 (HHA) 1218; *Mohamed v Jassiem* 1996 1 SA 673 (A) 694; *Khumalo* 414). Ware lasterlike woorde kan dus ook gedingsvatbaar wees. In *Manuel* (parr. 42–4) bevind die hof wel dat van die bewerings vals was en dat die respondente daarvan bewus was. Die applikant moet bewys dat die publikasie lasterlik is en op hom betrekking het. Indien wel, ontstaan daar twee vermoedens –

'n vermoede van onregmatigheid en 'n vermoede van opset wat die las op die respondente plaas om dit te weerlê (par. 45; sien *Le Roux* par. 85; sien ook Neethling e.a. 2019:211–2, 215–7). Waar daar vroeër teenstrydige regspraak was of hierdie las 'n weerleggingslas dan wel 'n volle bewyslas is, toon Brand (2017:150–1) aan dat teenswoordig deur die Konstitusionele Hof en die Hoogste Hof van Appèl aanvaar word dat die respondente 'n volle bewyslas het om 'n verweer wat onregmatigheid of *animus iniuriandi* (asook nalatigheid m.b.t. die media) uitsluit op 'n oorwig van waarskynlikheid te bewys (sien ook Van der Walt en Midgley 2016: 235–6; Neethling e.a. 2019:240 vn. 392).

2.4 Lasterlikheid en onregmatigheid

In *Manuel* (par. 46) word sonder 'n geskil aanvaar dat die twiet na die applikant verwys en dat dit wyd versprei is. Die vraag is egter of die twiet lasterlik jeens die applikant is, en hier verwys die hof na die regsbeginsels wat in *Le Roux* (par. 89; sien ook Neethling e.a. 2019:205–6) vervat is, wat soos volg opgesom kan word: Volgens die hof moet 'n tweeledige ondersoek gedoen word om *prima facie*-onregmatigheid daar te stel. Die eerste is om die gewone betekenis van die stelling te bepaal. Die ondersoek is objektief van aard en word bepaal deur die lens van die gewone redelike leser van die betrokke stelling. Die tweede is of daardie mening lasterlik is. Hier is die vraag of volgens die opvatting van die redelike persoon met normale verstand en ontwikkeling die betrokkene se aansien nadelig getref word (dus ook 'n objektiewe benadering). Indien wel, is die woorde of gedrag lasterlik (sien ook *Mthembi-Mahanyele* 342–3; *Delta Motor Corporation (Pty) Ltd v Van der Merwe*2004 6 SA 185 (HHA) 192–3) en in beginsel (*prima facie*) onregmatig jeens hom. Die reaksie van die redelike persoon is afhanklik van die omstandighede van die besondere geval. Daarom moet die beweerde laster vertolk word in die samehang waarin dit verskyn (sien bv. ook *Johnson v Rand Daily Mails* 1928 AD 190, 194, 204; *Coulson v Rapport Uitgewers (Edms) Bpk* 1979 3 SA 286 (A) 294; *Mthembi-Mahanyele* 342–3). Die objektiewe redelike-persoon-toets is dus van deurslaggewende betekenis by die vraag na onregmatigheid op die gebied van laster. Hierdie toets moet gesien word as 'n besondere konkretisering van die *boni mores*- of redelikheidskriterium as algemene onregmatigheidsmaatstaf (sien Neethling e.a. 2019:78–81, 207). In *Waldis* 509 stel regter Davis dit so:

> The general test for wrongfulness is based upon the boni mores or the legal convictions of the community. This means that the infringement of the complainant's reputation should not only have taken place but be objectively unreasonable. See Neethling et al *Neethling's Law of Personality* 2 ed (2005) at 135. The application of the boni mores test involves an *ex post facto* balancing of the interests of the plaintiff and the defendant in the specific circumstances of this case in order to determine whether the infringement of the former's interests was reasonable.

Toegepas op die feite in *Manuel*, beslis regter Matojane (par. 49) wat bedoelde eerste deel van die ondersoek betref dat aangeneem kan word dat die hipotetiese gewone leser van die gewraakte publikasie die redelike gebruiker van Twitter verteenwoordig wat volgelinge is van die EFF en Malema en sy belangstelling in politiek en aktuele sake van die dag deel. Volgens hom (par. 50) sal 'n redelike persoon van normale intelligensie verstaan dat die twiet beteken dat "Mr Manuel is corrupt, nepotistic, and has conducted the appointment process for a new SARS Commissioner secretly in a deliberate attempt to disguise his familial relationship with Mr Kieswetter, and that he is connected to a 'white capitalistic establishment' that acts contrary to the best interest of SARS". Ook wat die tweede deel van die ondersoek betref, het die hof

(par. 51) geen twyfel nie dat die twiet die applikant se reputasie by regdenkende lede van die gemeenskap sal laat daal, aangesien die twiet impliseer dat hy oneerlik, gewetenloos en sonder integriteit is. Die respondente (par. 52) het aangevoer dat die applikant, deur die voorsitterskap te aanvaar van die paneel wat die hoof van SAID moet aanstel, hom ferm in die "*political eye"* geplaas het en daarom robuust en dikvellig moet wees met betrekking tot negatiewe opmerkings wat oor hom gemaak word. Daar is volgens die hof egter geen meriete in hierdie argument nie, aangesien, soos ook hier bo uitgewys, openbare figure, ook politici, terdeë ook persoonlikheidsbeskerming geniet teen aantasting van hul eer en goeie naam, veral in gevalle waar hulle, soos *in casu*, van oneerbare gedrag beskuldig word (sien ook *Mthembi-Mahanyele* par. 42). In die lig hiervan word bevind dat die twiet *per se* onregmatig is. Aangesien dit die geval is, ontstaan daar nou die vermoedens dat die stelling onregmatig is en opsetlik geskied het en is die bewyslas op die respondente om die vermoedens te weerlê (par. 53).

2.5 Verwere

Die eerste verweer wat geopper word, is dat die bewerings waar en in die openbare belang is (par. 54; sien bv. *Modiri v Minister of Safety and Security* 2011 6 SA 370 (HHA) 376–80; Loubser en Midgley 2017:440–3; Neethling e.a. 2019:226–9). Die respondente hoef slegs die *wesenlike* – en nie die letterlike nie – waarheid van hul aantygings aan te toon, dit wil sê dat die angel of kern ("sting") daarvan waar is (*Johnson v Rand Daily Mails* 1928 AD 190, 205–7). Wat die openbare belang betref, word in *Modiri* (378) verklaar dat dit "a difficult issue to decide" is: "The difficulty arises from the subtleness of the element itself. No exact definition of the concept is readily available in textbooks or decided cases." Die frase "openbare belang" is nie maklik om te peil nie, aangesien dit klaarblyklik 'n vae, onsekere en wisselende begrip is (sien Burchell 1985:210, 214; *Heroldt v Wills* 2013 2 SA 530 (GSJ) 542; sien verder Neethling e.a. 2019:227 vn. 275). In *Tshabalala-Msimang v Makhanya* 2008 6 SA 102 (W) 117 word dit soos volg gestel:

> Public interest, it must be noted, is a mysterious concept, like a battered piece of string charged with elasticity, impossible to measure or weigh. The concept changes with the dawn of each new day, tempered by the facts of each case. Public interest will naturally depend on the nature of the information conveyed and on the situation of the parties involved. Public interest is central to policy debates, politics, and democracy. While it is generally acclaimed that promoting the common well-being or general welfare is constructive, there is little, if any, consensus on what exactly constitutes the public interest.

Soms word van "openbare voordeel" ("public benefit") in plaas van "openbare belang" gepraat. Dit lyk egter of die begrip *openbare voordeel* in die sin dat die publiek daarby moet baat, te beperkend uitgelê kan word, en dat *openbare belang* daarom verkieslik is (sien *Ketler Investments CC t/a Ketler Presentations v Internet Service Providers' Association* 2014 2 SA 569 (GJ) 585; vgl. Burchell 1985:212–4; Loubser en Midgley 2017:441). Laasgenoemde twee skrywers meen nietemin dat albei frases ten doel het om die gedagte van openbare betrokkenheid oor te dra omdat dit belangrik of relevant is, en dat die publiek bewus gemaak moet word van die inligting. Wat alles in die openbare belang is, sal in die algemeen by laster van die betrokke omstandighede en gemeenskapsopvattinge (*boni mores*) afhang (*Waldis* 513), en hier speel "the time, the manner and the occasion of the publication" 'n belangrike rol (sien *Patterson v Engelenburg and Wallach's Ltd* 1917 TPD 350, 361). In *Modiri* 376–80 beklemtoon die hof dat die vraag of 'n stelling in die openbare belang was, sal afhang van die

omstandighede voor die hof, wat oneindig kan varieer, en dat die howe hul nie behoort te beperk tot bestaande reëls en riglyne nie (vgl. egter *Independent Newspapers Holdings Ltd v Suliman* [2006] 3 SA 137 (HHA) par. 47).

Regter Matojane (par. 56) kom tot die slotsom dat die respondente gefaal het om te bewys dat die "sting" van die lasterlike bewerings waar is, en dat die huidige verweer dus misluk. Dit was gevolglik nie vir die hof nodig om te bepaal of die bewerings in die openbare belang is nie (wat weens die aard daarvan sekerlik nie die geval sou wees nie).

Die tweede verweer wat die respondente opper, is dat die lasterlike publikasie redelik is (parr. 61–4). Hier is die vraag of die publikasie nie ooreenkomstig die toets geformuleer in *Bogoshi* 1212–3 regmatig is nie, naamlik dat "the publication in the press of false defamatory allegations of fact will not be regarded as unlawful if, upon a consideration of all the circumstances of the case, it is found to have been reasonable to publish the particular facts in the particular way and at the particular time" (oftewel deur sg. mediaprivilegie of die redelike publikasie van onwaarheid geregverdig word: sien Neethling e.a. 2019:229–31; Loubser en Midgley 2017: 452–4; Neethling en Potgieter 2015:369–70). Ten einde die redelikheid al dan nie te bepaal, kan volgens *Bogoshi* onder andere die volgende faktore oorweeg word: die aard, omvang en toon van die bewerings (daar word gewoonlik groter ruimte toegelaat by politieke diskussie, en die toon waarin 'n bewering geskryf is, bevat soms 'n bykomende en onnodige steek); die betroubaarheid van die inligting en die stappe wat gedoen is om die inligting te verifieer; en die geleentheid aan die betrokke persoon gebied om op die bewerings te reageer. Die hof (1213) beklemtoon nietemin dat "[u]timately there can be no justification for the publication of untruths, and members of the press (en 'n mens sou kon byvoeg ander media soos Twitter en die persone wat daarop twiet) should not be left with the impression that they have a licence to lower the standards of care which must be observed before the defamatory matter is published in a newspaper." Regter Matojane (parr. 68–70) beslis dat hierdie verweer ook faal omdat die respondente nie kon aantoon dat dit redelik in die omstandighede was om die spesifieke feite, op die besondere wyse en op die spesifieke tyd te publiseer nie. Hulle het geensins redelike stappe gedoen om van die lasterlike bewerings te verifieer nie en ook nie die applikant 'n kans gegun om op die bewerings te reageer nie. (Let daarop dat die paragraafnommers in die elektroniese uitspraak tot my beskikking na par. 68 verkeerd is en dat ek dit vir doeleindes van hierdie bespreking korrek aangepas het.) Terloops, in *Malema v Rampede* 636, 638, waar Malema 'n eis weens laster ingestel het, is die huidige verweer wel teen die eis gehandhaaf onder andere op grond daarvan dat die feitelike bewerings, alhoewel nie noodwendig waar nie, gebaseer was op 'n betroubare bron oor wie se bestaan daar stawende getuienis was. Dit was nie die geval in *Manuel* nie.

Die derde verweer van die respondente is billike kommentaar, waar hulle moet bewys dat die laster vervat is in billike kommentaar op feite wat waar en in die openbare belang is (sien bv. *Hardaker v Phillips* 2005 4 SA 515 (HHA) 528; *The Citizen 1978 (Pty) Ltd v McBride* 2010 4 SA 148 (HHA) 159, 165; sien ook Brand 2017:160–1; Neethling e.a. 2019:232–4; Loubser en Midgley 2017:443–8). Die verweer slaag egter ook nie. Volgens die hof (parr. 71–4) het die respondente geensins kommentaar gelewer op die bewerings dat die applikant hom skuldig gemaak het aan korrupsie en nepotisme nie. Ook is hul kommentaar (soos gesien) nie gebaseer op ware feite nie en was hul gedrag voor en na die publikasie van die twiet aanduidend van kwaadwillige motief of "malice". Hulle het naamlik voortgegaan om die twiet te publiseer wel wetende dat dit vals is. In verband met die onderhawige verweer haal die hof (par. 73) die volgende diktum aan uit *The Citizen 1978 (Pty) Ltd v McBride* 2011 4 SA 191 (KH) par. 83:

> Protected comment need thus not be "fair or just at all" in any sense in which these terms are commonly understood. Criticism is protected even if extreme, unjust, unbalanced, exaggerated and prejudiced, so long as it expresses an honestly-held opinion, without malice, on a matter of public interest on facts that are true. In the succinct words of Innes CJ, the defendant must "justify the facts; but he need not justify the comment".

Soos uit hierdie diktum blyk, is kommentaar wat die eerlike en *bona fide*-mening van die verweerder weergee en op ware feite gegrond is, regmatig al is dit ook hoe krities, oordrewe, partydig, ondeurdag of ongebalanseerd. Na regte kan dit egter nie as "billik" beskryf word nie. Regter Cameron verklaar daarom in *McBride* (KH) 219: "Perhaps it would be clearer, and helpful in the understanding of the law, if the defence were known rather as 'protected comment'." Regter Matojane (par. 73) se verwysing na die "defence of protected comment" volg hierdie voorstel na. (Sien ook *African National Congress v Democratic Alliance* 2014 3 SA 608 (GJ) 620–1; Brand 2017:161, ook vn. 8; Neethling e.a. 2019:233 vn. 327.) Interessant genoeg is in Engeland die verweer van "fair comment" in die Defamation Act van 2013 artikel 2 vervang deur die verweer van "honest opinion" (sien Jones (red.) 2018:1511, 1600 e.v.).

Laastens voer die respondente aan dat die laster deur die openbare belang geregverdig word. Die verweer word egter deur die hof (par. 74) van die hand gewys:

> The mere fact that the content of the statement relates to issues that are in the public interest is not determinative in itself. The defence of public interest applies only if other defamation defences are in the public interest, e.g. the defence of truth and fair comment. On its own, the public interest is not a defence to a defamation claim.

2.6 Remedies

Vervolgens behandel die hof (parr. 75 e.v.) die tersaaklike remedies. Eerstens vra die applikant vir apologie en terugtrekking van die lasterlike twiet as remedie (sien hieroor *Le Roux* par. 202). Alhoewel hierdie remedie reeds in ons regspraak inslag gevind het (sien Neethling e.a. 2019:94–6), verklaar appèlregter Brand ten onregte in *Media 24 Ltd v SA Taxi Securitisation* 2011 5 SA 329 (HHA) 349: "The only remedy available at present that can serve to protect the reputation worthy of protection, is damages" (sien vir kritiek Nugent AR in *Media 24* 365–6; Trengove 2013:74).

Tweedens vra die applikant vergoeding as *solatium* vir die aantasting van sy reputasie. Dit het 'n tweeledige doel: enersyds om die goeie naam van die eiser in die oë van die publiek te herstel; en andersyds om te dien as versoening vir die onreg wat hom aangedoen is (sien *Esselen v Argus Printing and Publishing Co Ltd* 1992 3 SA 764 (T) 771). Die volgende faktore het volgens regter Matojane 'n rol gespeel om die erns van die laster te bepaal: die aard van die lasterlike bewerings, die aard en omvang van die publikasie en die reputasie, karakter en gedrag van die partye. Die respondente se gedrag was verregaande en kwetsend. Hulle het hardkoppig geweier om die laster terug te trek, om verskoning te vra, of dit van hul sosiale-media-platforms te verwyder terwyl dit klinkklaar was dat hulle dit moes doen. Die hof (par. 79) vervolg:

> These factors collectively establish the existence of actual malice and a desire to hurt Mr Manuel in his person, and professionally, through the widespread dissemination of the defamatory statement. Such conduct warrants a punitive costs order.

In die lig hiervan glo die hof (par. 81) dat ’n toekenning van R500 000 geregverdig is en dat die respondente gesamentlik en afsonderlik hiervoor aanspreeklik is.

Hierbenewens, wat die interdik betref, verklaar die hof (par. 83) dat bedoelde publikasie lasterlik, vals en onregmatig is. Die hof beveel dat die respondente die publikasie binne 24 uur van al hul mediaplatforms moet verwyder. Die respondente moet ook binne 24 uur die bewerings in die publikasie onvoorwaardelik terugtrek en apologie daarvoor aanteken. Hulle word verder verbied om in die toekoms dieselfde of soortgelyke lasterlike bewerings te publiseer.

3. Kommentaar

Die uitspraak word ondersteun. Die hof pas die gevestigde beginsels van die lasterreg suiwer op die feite van die saak toe deur te bevind dat die bewerings wat die applikant van korrupsie en nepotisme beskuldig, vals, lasterlik en onregmatig is. Alhoewel die reg van openbare figure (soos die applikant) verwag om robuust en dikvellig te wees met betrekking tot negatiewe opmerkings wat oor hulle gemaak word, word hul reg op die goeie naam of reputasie steeds beskerm teen lasterlike stellings wat hulle van oneerbare gedrag soos korrupsie of nepotisme beskuldig. Om die vermoede van onregmatigheid te weerlê, opper die respondente die regverdigingsgronde waarheid en openbare belang, billike kommentaar, die redelike publikasie van onwaarheid en die openbare belang. Die hof wys egter almal van die hand, hoofsaaklik vanweë die valsheid van die publikasie, omrede die respondente se gedrag nie redelik was nie, en die openbare belang op sigself nie ’n verweer teen ’n lasteraksie is nie. Die hof se gebruik van *beskermde* (“protected”) kommentaar in plaas van *billike* kommentaar is navolgenswaardig omdat vele regtens aanvaarbare kommentare beslis nie billik is nie. Die hof se bevele om die laster te stuit, dit terug te trek en verskoning daarvoor te vra, is ook in die kol; so ook die toekenning van ’n bedrag van R500 000 as *solatium* aan die applikant.

Laastens moet vermeld word dat die respondente in *Economic Freedom Fighters, Ndlozi en Malema* v *Manuel; In Re: Manuel v Economic Freedom Fighters, Ndlozi en Malema* (13349/2019) [2019] ZAGPJHC 172 (18 June 2019) aansoek gedoen het om verlof tot appèl na die volbank van die hof teen die beslissing van regter Matojane, maar dat dit van die hand gewys is. Volgens persberigte het die respondente die Hoogste Hof van Appèl om sodanige verlof genader, of gaan hulle dit doen. Die kans dat hulle sal slaag, is gering. Daar word volstaan met die volgende stelling van regter Matojane (par. 31), wat boekdele spreek:

> False allegations of corruption and nepotism are among the most serious and egregious allegations that one person can make against another. Corrupt people are loathed in civilized societies. The statement was published with complete disregard for the truth and with the sole intention to injure Mr Manuel as shown by the stubborn refusal to remove the statement on their social media platforms despite its known falsity.

Bibliografie

Brand, F.D.J. 2017. Defamation. *The law of South Africa,* 14(2): 131.

Burchell, J.M. 1985. *The law of defamation in South Africa.* Kenwyn: Juta

─. 1998. *Personality rights and freedom of expression*. *The modern actio iniuriarum*. Kenwyn: Juta.

Jones, M.J. (red.). 2018. *Clerk & Lindsell on torts.* 22ste uitgawe. Londen: Sweet and Maxwell.

Loubser, M. en J.R. Midgley (reds.). 2017. *The law of delict in South Africa*. 3de uitgawe. Kaapstad: Oxford University Press.

Neethling, J. 2014a. Dogmatiese verkenning van die reg op privaatheid kry verdere erkenning in die regspraak. *LitNet Akademies*, 11(1):27–39.

—. 2014b. Die rol van die openbare belang by laster en privaatheidskending. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 77(1):109–16.

—. 2014c. Openbare figuur: laster, belediging en identiteitskending. *LitNet Akademies*, 11(2):116–24.

Neethling, J. en J.M. Potgieter. 2015. *Neethling-Potgieter-Visser deliktereg*. 7de uitgawe. Durban: LexisNexis.

Neethling, J., J.M. Potgieter en A. Roos. 2019. *Neethling on personality rights*. Durban: LexisNexis.

Trengove, W. 2013. New remedies for defamation. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 76(1):70–9.

Van der Walt, J.C. en J.R. Midgley. 2016. *Principles of delict.* Durban: LexisNexis.